**Let wel:** Indien 'n permithouer 'n eiendom verkoop waarop uitheemse gelyste indringerspesies onder die permithouer se beheer is, moet die nuwe eienaar van daardie eiendom ingevolge NEMBA om 'n permit aansoek doen.
Die verkoper van enige onroerende eiendom moet, voor die sluit van die tersaaklike koopkontrak, die koper van daardie eiendom skriftelik in kennis stel van die teenwoordigheid van gelyste indringerspesies op die eiendom.

Elke grondeienaar moet die stryd teen indringerplante op sy / haar grond lei. Die Departement van Omgewingsake deur die Werk vir Water program, werk graag nou saam met grondeienaars in die verband.

Die Werk vir Water (WfW) program is in 1995 gestig en word deur die Departement van Omgewingsake geadministreer . Hierdie program werk in vennootskap met plaaslike gemeenskappe, aan wie dit werk verskaf, en ook met ander nasionale en provinsiale Staatsdepartemente, navorsingstigtings en privaat maatskappye. Meer as 2.8 miljoen hektaar indringerplante is al behandel.

In **2015** alleen het die verskeie werkskeppende omgewingsprogramme van die Department van Omgewingsake meer as 43 911 werksgeleenthede (deeltydse werke) geskep vir mense uit die mees gemarginaliseerde sektore van die samelewing. Ongeveer 55 – 56% van die deelnemers aan die omgewingsprogram projekte is vrouens.

Vir meer inligting besoek

https://www.environment.gov.za/projectsprogrammes
http://www.sanbi.org/information-resources/infobases/invasive-alien-plant-alert



Rapporteer uitheemse indringerplante aan by 0800 205 005

Tree met jou plaaslike Werk vir Water-program in verbinding vir inligting:
086 111 2468 of e-pos: AIScompliance@environment.gov.za

Find us:
Departmental-of-Environment-Affairs

Follow us:
@EnvironmentZA

Follow us:
@EnvironmentZA

Watch us:
EnvironmentZA



# Feite oor uitheemse indringerspesies

forestry, fisheries & the environment
Department:
Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME

2030 NDP

afrikaans.indd 1 6/1/17 10:26 AM

## Baie van hierdie inligting ondersteun onderrig en leer in verband met die Kurrikulum-en-Evalueringsbeleidsverklaring (KEBV) Verdere Onderwys- en Opleidingsfase sosiale wetenskappe vir grade 7-9

Suid-Afrika is die 30ste droogste land in die wêreld en het minder water per persoon as lande wat deur meeste mense as veel droër beskou word, soos Namibië en Botswana (NWRS, 2013). Suid-Afrika het 'n beperkte hoeveelheid varswaterbronne en daarom moet dit baie versigtig bestuur en gebruik word. Die meeste van ons riviere is reeds opgedam en 50% van vleilande is onherstelbaar beskadig of vernietig. 'n Toename van 52% in aanvraag na water word voorspel vir die volgende 30 jaar weens bevolkingsgroei en verhoogde waterverbruik deur ekonomiese sektore. Nywerheids- en huishoudelike besoedeling neem verder ook voordurende toe (DEAT, 1999).

## Faktore wat 'n negatiewe invloed op die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika het sluit in:

- Uitheemse indringerspesies soos waterhiasinte beïnvloed damme en riviere se kapasiteit vir waterberging.
- Uitheemse indringerplante het ook baie meer water nodig om te groei as inheemse bome en kan grondwatervlakke negatief beïnvloed.
- As gevolg van bosbou, suikerriet en uitheemse indringerplante bereik slegs 9% van reënval ons riviere, terwyl die gemiddeld vir die wêreld 31% is.

## Wat is uitheemse indringerspesies?

- "Indringerspesies" is diere, plante of ander klein kreatuurtjies wat deur die mens vrygelaat word in 'n plek wat NIE hul natuurlike tuiste is NIE. Hul vestig in hierdie nuwe plek waar hulle skade aan ander diere, plante of ander klein kreatuurtjies veroorsaak;
- Let wel: dit is belangrik om te besef dat nie alle uitheemse spesies indringers is nie.

## Hoekom moet ons oor indringerplante bekommerd wees?

Die impak van indringerplante op die waarde en produktiwiteit van grond neem toe met tyd. Dit is dus belangrik dat 'n grondeienaar of gebruiker vinnig aandag gee aan indringerplante. Uitheemse indringerspesies bedreig ekostelsels en biodiversiteit op verskillende maniere:

**Invloed op water** – wanneer uitheemse plante opvanggebiede indring, verminder hulle die volume water wat riviere en damme bereik, en veroorsaak selfs dat stroompies ophou vloei. Verder, blokkeer dit sonlig wat akwatiese organismes benodig, en kan veroorsaak dat lewende hawe soos beeste en bokke verdrink.

**Gebruik voedingstowwe in grond** – uitheemse indringerplante groei vinnig en gebruik dus baie van die voedingstowwe in die grond, dus is daar minder voedingstowwe vir inheemse plante beskikbaar.

**Vermindering in landbouproduksie** – uitheemse indringerplante wat landbougewas onkruide is kan veroorsaak dat oeste minder suksesvol is, deur die landbougewasse te verdring, water en voedingstowwe uit die grond te haal en deur oeste met hul eie sade te besoedel.

**Brandstof vir vure** – sagte hout soos dennebome wat geneig is om in digte bosse te groei, slaan maklik aan die brand. Die vuur is warmer as normaalweg omdat daar meer brandstof beskikbaar is om te brand, wat die skade wat deur vure veroorsaak word, erger maak.

## Watter ekonomiese voordeel kan uitheemse indringerplante verskaf?

Nadat uitheemse indringerplante afgekap is, kan dit vir vuurmaakhout, boumateriale, kieries en selfs meubels gebruik word.

## Wat moet ons weet?

In Suid-Afrika word uitheemse en indringerspesies gereguleer deur die "National Environmental Management Biodiversity Act", 2004 (Wet No. 10 van 2004) (NEMBA) en die "Alien and Invasive Species (AIS) Regulations", 2014, wat daarmee gepaard gaan.

## Grondeienaars se verpligtinge in verband met indringerplante:

Dit is die plig van elke grondeienaar om hom - of haarself bekend te maak met die inhoud van die indringerspesieslys vervat in die AIS Regulasies en om te voldoen aan die ooreenstemmende pligte wat met die verskillende kategorieë van indringerplante verband hou.

Elke grondeienaar moet:

- gelyste indringerspesies wat op sy of haar grond voorkom aan die Departement van Omgewingsake rapporteer;
- stappe neem om gelyste indringerspesies te beheer;
- voorkom dat dit versprei; en
- alle nodige stappe doen om skade aan biodiversiteit te voorkom of te minimaliseer.

